

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 175

(Junie 1983)

ROEPING

Dis God wat jou roep

* * * * *

". . . vir hulle wat na Sy voorneme geroep is"

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die weg tot saligheid

Elke mens stel intens belang in wat die toekoms vir hom inhou.

Elke mens wil graag weet wat met hom gaan gebeur.

En so sal enigiemand wat nie geheel en al deur onverskilligheid afgestomp is nie, begeer om meerdere kennis te verkry aangaande die ewigheid wat wag, en oor die weg om tot die saligheid te kom.

Daarom wil ons in die volgende aantal uitgawes van hierdie blaadjie, in besonder u aandag vestig op die weg waarlangs God sy uitverkore kind uiteindelik die heerlijkheid skenk.

- Dit gaan dus oor die wyse waarop God met die gelowige te werk gaan met die doel om hom eenmaal as Sy kind in die Vaderhuis te verwelkom;
- dit gaan oor die reeks genadeweldade deur Christus verdien, wat God deur Sy Gees aan Sy kinders wil skenk om hulle sodoende in Sy ewige Koninkryk in te lei;
- kortweg die heilsorde genoem.

En alhoewel die Here se weg met nie een van sy kinders presies dieselfde is nie, kan ons tog daarin 'n vaste patroon onderskei.

En alhoewel die Here se weg nie met een van sy kinders presies dieselfde is nie, kan ons tog daarin 'n vaste patroon onderskei, en sien ons dat die Here hom telkens van dieselfde dinge bedien om Sy doel te bereik.

Volgens die Bybel sluit die werk van die Heilige Gees, as Hy die heilsweldade aan ons uitdeel tot ons saligheid, die volgende in:

- Die roeping deur die Woord en Gees van God.
- Die wedergeboorte wat die Heilige Gees aan my skenk.
- Die geloof wat Hy in my hart werk.
- Die drang tot bekering wat Hy in my laat posvat.
- Die regverdigmaking waardeur God my vryspreek.
- Die weg van heiligmaking waarop die Gees van God my lei.
- Die krag wat Hy my skenk om in die geloof te kan volhard.
- En uiteindelik: die heerlikmaking wat die voltooiing is van die genadewerk van God vir die uitverkorenes.

Dit is die werkwyse van God deur sy Gees met elke gelowige. En elkeen van hierdie genadegawes is onontbeerlik vir die saligheid:

- Wie positief reageer op God se roeping, sal salig word.
- Wedergeboorte is nodig om die Koninkryk van God binne te gaan.
- Sonder geloof is dit onmoontlik om God

God se werk in die heilsorde is genadewerk - gawes wat ons uit sy hand ontvang

te behaag.

- Bekering is die vrug van jou geloof.
- Sonder heiligmaking sal niemand God sien nie.

Só doen God Sy genadewerk ten behoeve van sy kinders.

Só skenk Hy aan ons alles wat nodig is om eenmaal deelgenote te wees aan Sy heerlijkheid — uit louter genade!

Let daarop: God se werk in die heilsorde is genadewerk — gawes wat ons uit Sy hand ontvang.

Hy lei ons deur Sy Gees op die weg tot saligheid, en Hy gee ons uiteindelik deel daaraan!

Uit onself sou ons dit in der ewigheid nooit kon behaal nie.

Bid daarom saam met die Psalmdigter:

"Heer, doen ook so aan my!"

Ds. Pieter van der Walt.

God roep u

Ons roep mekaar op verskillende maniere.

As jy iemand ken, dan roep jy hom op die naam.

As jy iemand baie goed ken en met hom of haar op dieselfde golflengte is, dan kan jy hom selfs uit 'n geselskap wegroep, deur 'n beweging met die oog.

Maar ons roep deur 'n woord te spreek of deur 'n gebaar te maak.

So roep God ons ook.

God wil ons deur die geloof nader aan Hom bring.

God roep ons deur 'n Woord - Sy Woord - wat Hy gespreek het.

Gods Woord is vir ons deur mense, wat Hy as instrumente gebruik het en deur Sy Gees geïnspireer het, opgeteken.

Gods Gees, die Heilige Gees, roep deur Gods Woord.

Daartoe laat God Sy heilige Woord verkondig om ons te roep tot die ware geloof.

Ek hoor jy sê jy kan nie tot die geloof kom nie!

Het jy dan al gaan luister as Gods Woord verkondig word?

Was jy al in die kerk onder die klanke van Gods Woord?

Nie?

Dan sal jy ook nie kan glo nie.

Luister net hoe geweldig vat die apostel Paulus jou verantwoordelikheid en dié van die bedienaar van die Woord vas:

"Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie?" (Rom. 10:14, 15).

God stuur sy predikers uit deur Sy Heilige Gees.

Die apostel Paulus sê dat die Heilige Gees hom verhinder het om in Asië die Woord te verkondig. En toe hy na Bithinië wou gaan het die Gees hom nie toegelaat nie (Hand. 16:6, 7).

Agter God se Woord en die prediker staan God se Gees.

Vriend, daarom mag jy die geleentheid om 'n erediens by te woon, nooit laat verbygaan nie.

God roep vir jou . . . en jou . . . en jou.

En as ek nie op sy Woord ag slaan nie, dan sal God my nie laat vaar nie, Hy gaan met my werk.

God ken ons almal baie goed. Hy is mos 'n ALMAGTIGE GOD.

Dan kan Hy my ook nog deur 'n gebaar roep.

Siekte wat oor my kom.

'n Bom wat ontplof.

'n Ongeluk.

So bring God my tot stilstand.

'n Predikant wat my in die hospitaal besoek.

Hy lees God se Woord.

Hy bid vir jou.

God se Gees het julle weë na mekaar gelei,

God se Gees het hom gestuur - na jou gestuur.

God se Gees werk in julle altwee.

En deur die mond van die apostel Paulus, in sy tweede brief aan die gemeente in Korinthe, volgens hoofstuk vyf vers twintig (2 Kor. 5 : 20), roep ek jou van harte toe:

"Ons bid julle om Christus wil
Laat julle met God versoen."

Ds. Andries H. Mulder.

Roeping deur die natuur

As jy iemand roep . . . dan verwag jy tog reaksie, nie waar nie? En as daar nie reaksie kom nie? Nou-ja, dan is daar pêrre. Roeping vra reaksie!

Nou sê die Bybel so pertinent op baie plekke: God roep . . .

God roep die mens.

God roep jou.

Vraag is net: Reageer ek en jy op God se roepstem?

Hoé roep God? God gebruik verskeie maniere:

- Hy roep deur Sy skepping;
- Hy roep deur Sy Woord;
- Hy roep deur Sy Heilige Gees.

Kom ons bepaal ons in hierdie artikel by God se roeping deur die natuur.

Skepping/natuur

Besef jy, geliefde leser, die wonder dat God nog wel roep?

- Hy kon die mens vergeet het . . .
- hom in sy sondeverlorenheid gelos het . . .
- hom laat vergaan het van ellende . . .

Maar nee, God roep. Reeds direk na die sondeval roep God. Hy soek die mens op en roep hom deur Sy skepping. En so sal dit deur alle eeue heen wees.

Hoe roep God dan, sou ons vra? Gaan lees gerus Psalm 19. In vers 2 staan hierdie woorde: "Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande".

- Die hemel;
- die uitspansel vertel en verkondig . . .
- ja, die natuur roep dit uit!

Só gebruik God die natuur om sý eer te verkondig - die mens sien dit raak.

Só gebruik God die natuur om sy eer te verkondig — die mens sien dit raak — ervaar God se hand daarin — hoor sy roepstem. Kyk maar net om u na God se skepping en kom tot die besef:

- die natuur wil iets sê van God . . .
- die natuur verkondig God se werke . . .
- die natuur is die roepstem van die Almagtige God.

In die skepping het God sy krag en goddelikheid geopenbaar (Rom. 1:20) Ja, die ganse skepping besing 'n lofsang tot eer van God. Moses bid mos in Ps. 90:16: "Laat u werk sigbaar word." En Amos jubel dit uit: "Hy wat die berge formeer en die wind skep ..." Die Godgeskape natuur is die roepstem van God.

Onvoldoende

Tog weet jy dat hierdie manier van Goddelike roeping nie voldoende is nie;

- dis nie genoegsaam nie.

Dit alleen bring 'n mens nie tot aanbidding van die enige, ware God nie. Deur hierdie roeping kry ons nie die saligmakende kennis en geloof nie. Nee, die skeppingsroepstem bring die mens alléén tot kennis van God se grootheid en wysheid

- die skepping ontnem alleenlik die mens van alle verontskuldiging . . .
- dit ontgaan die mens van: "maar Here, ek het nie geweet nie."

*Tog . . . weet jy . . .
hierdie manier van
Goddelike roeping is nie
voldoende nie - dis nie
genoegsaam nie.*

Ja, die roep van God deur Sy skepping stel slegs die mens skuldig in sy gewete teenoor God . . .

— dit sal die ongelowige noop om aan die anderkant van die graf te erken: My verdoemenis is regverdig, ek moes geweet het, ek het die "boek" van God se skepping verkeerd gelees.

Dus

Die roeping van God deur Sy skepping is 'n roeping — dis egter nie genoegsaam nie. Daarom roep God verder deur Sy Woord en Gees (kyk die ander artikels).

Geliefde leser, as jy die natuur aanskou:

- die majestieuse berge, groen grasvlaktes
- statige bome en bosse;
- die see wat jaar in en jaar uit bruis en dreun;
- riviere wat hulle pad oopveg;
- die blou lug;
- wolke wat maal en dryf;
- wind en reën en hael en sneeu — alles op sy tyd;
- Somer en Winter en Lente en Herfs — op sy tyd;
- diere — groot en klein — elkeen met sy eie beskeie plekkie onder die son;

Sien jy God daarin raak?

Hoor jy daarin Sy roepstem?

Luister jy daarna?

Reageer jy?

Onthou, die natuur is God se "boek" . . .

Lees dit deur jou geloofsoog.

Nico Ligthelm.

Wat doen jy met die Bybel

In Matt. 13 lees ons dat Christus die gelykenis van die saaiër vertel. In dié gelykenis is daar drie basiese elemente:

- * Die saaiër — dit is die Woordverkondiger.
- * Die saad — dit is die Woord van God wat verkondig word.
- * Die grond waarop gesaai word — dit is die hoorder.

Die Woord van God word gesaai, maar kom op verskillende bodems te lande. Watter soort bodem is jy? Watter soort klankbord vorm jy vir die Woord van God? Jy kan een van vier soorte wees.

Harde pad

Party van die saad wat die Here saai, val op 'n harde pad — die voëltjies kom pik dié saad op sodat daar uiteindelik géén oes is nie.

Net so gebeur dit met die Woord van God: As jy dit nie verstaan nie, kom die Satan dadelik en hy roof dit weg uit jou hart.

As 'n mens dus nie ernstig werk maak met die Woord van God wat jy gehoor het nie, dan kan jy baie seker wees dat die Satan 'n listige en venynige aanslag op jou sal loods. Hy sal sorg dat jy nie vrugte van bekering en goeie werke voortbring nie.

Wanneer jy hom die minste verwag, is hy op sy gevaarlikste!

*'n Ander deel van die saad
het op 'n rotsagtige plek
geval waar die grond nie
diep is nie.*

Rotsagtige grond

'n Ander deel van die saad het op 'n rotsagtige plek geval waar die grond nie diep is nie. Die saad ontkiem dadelik, maar omdat die worteltjies vlak is, verskroei dit gou in die warm son.

As jy die Woord van God net oppervlakkig opneem, gaan jy ook nie 'n oes oplewer nie. Met die eerste teëslag, gaan jy verkrummel. Omdat jy nie stewig vasgeanker is aan God en Sy Woord nie, gaan die geringste ou stormpie jou laat omkantel.

Tussen dorings

'n Deel van die saad het tussen dorings geval, maar dié saad het verstik sodat ook hier nie van 'n oes sprake is nie.

Die onkruid is die sorg van die lewe en die verleidelikheid van rykdom. Ja, die tydelike en verganklike glans en glorie onderdruk die goeie van die Woord in jou lewe sodat dit nie vrugte dra in jou lewe nie.

*As jy twee here wil dien,
sal een afgeskeep word.*

Die bekoorlikheid van finansiële rykdom en 'n gejaag na stoflike welvaart neem jou aandag só in beslag dat jy nie by die werklike rykdom van die Woord van God uitkom nie.

As jy twee here wil dien, sal een afgeskeep word. Jy kan nie God en Mammon (geld) dien nie.

Goeie grond

Van die saaiër se saad val ook op goeie grond én dit lewer 'n oes op — 'n goeie oes! Daar is hoorders by wie die Evangelie van Jesus Christus ingang vind, en soos 'n goeie boom dra hulle goeie vrugte.

Uit dankbaarheid vir alles wat Christus vir jou gedoen het, bring jy goeie werke voort. Almal kan jou dade van bekering sien, en dat die Woord van God in jou ingang gevind het.

Vir die reddende genade wat Jesus Christus aan jou bewys het, kan jy Hom nie genoeg loof en dank nie.

*Vir die reddende genade
wat Jesus Christus aan
jou bewys het, kan jy Hom
nie genoeg dank nie.*

- * As God jou deur Sy Woord roep en jy luister nie, as Hy op jou saai en jy is 'n slegte bodem wat nie 'n oes oplewer nie, dan is dit uitsluitlik jou eie skuld.
- * As God jou roep en jy gee gehoor en jy dra uiteindelik vrug, is dit nie j^ou prestasie nie, maar dit is God se genade.
- * Jy moet nie net hoor nie. Jy moet ook luister!

Ds. A. Grove.

Die Here roep mense

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Met hierdie woorde maak Jesus Christus Homself aan ons bekend as dié God wat roep (Matt. 11).

Wie roep Hy?

Hy roep almal wat vermoeid en belas is. Hy roep almal wat gebuk gaan onder die gevolge van die sonde om na Hom toe te kom. En daar is nie een mens wat nie die verderende werking van die sonde aan sy lyf voel nie. Elke mens op hierdie aarde het dus 'n behoefte daaraan dat hy van sy verkeerde weg af teruggeroep word — anders stort hy by 'n donker afgrond af. As dit van jouself afhang sal jy die breë pad wat na die verderf lei end uit bewandel.

Omdat die Here sondaars genadig is, roep Hy hulle terug na Hom toe. In Matt. 9 : 13 sê Christus: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering."

Wartoe roep Hy jou?

Hy roep jou tot bekering! Die heel eerste woorde wat Jesus hier op aarde gepreek het, was: "Bekeer julle!" (Matt. 4:17).

Jesus verafsku die sonde, maar Hy het die sondaar lief (Joh. 3:16).

*Omdat die Here
sondaars genadig is, roep
Hy hulle na Hom toe.*

En daarom roep Hy jou tot bekering en geloof in Hom. Hy wil hê jy moet wegvlug van die sonde af, en jy moet jou toevlug tot Hom neem. Jy moet jou ewige rus in Hom vind.

Hoe roep Hy jou?

Hy roep jou deur Sy Woord! Hy sorg dat jy Sy Woord hoor — en langs hierdie weg roep Hy jou tot geloof en bekering.

Om Sy Woord te verkondig gebruik die Here oor eeue heen mense, en Hy maak hulle ook deur Sy Heilige Gees bekwaam om die blye boodskap van verlossing in Christus te verkondig.

In die tyd van die Ou Testament het ons die profete gekry (Jesaja, Jeremia, Elia, ens.) en in die Nuwe Testament lees ons dat die apostels gepreek het. Vandag dra die bedienaars van die Woord die Evangelie uit. In Matt. 28:19 het Christus aan Sy kerk die opdrag gegee om aan alle volke, tale en nasies Sy versoeningswerk te gaan verkondig.

Die Here sorg dat aan elkeen van Sy kinders Sy Woord verkondig word. Niemand sal op die laaste dag, wanneer almal voor die regterstoel van Christus verskyn, kan sê dat Hy nie van God geweet het nie.

*Jesus verafsku die sonde,
maar Hy het die sondaar lief.*

Die Heilige Gees

Wanneer die Here jou deur Sy Woord roep om jou tot Hom te bekeer en in Hom te glo, en jy glo wél — dan is dit nie 'n prestasie wat jy uit jouself behaal het nie. Nee, dit is die werk van God, die Heilige Gees. Die Heilige Gees gee aan jou 'n nuwe hart. Hy wederbaar jou. Hy maak van jou 'n nuwe mens. Hy oortuig jou van sonde en geregtigheid en oordeel. (Jer. 31:33; Joh. 3:15; 16:8-11).

- * Dit is dus vir jou ewige saligheid noodsaaklik om onder die geklank van die Woord van die Here te kom.
- * In die kerk en by die huisgodsdienst roep Hy jou self deur Sy Woord na Hom toe.
- * Omdat jy nou van Hom weet en eerste deur Hom geroep is, moet jy die opdrag van Jes. 55:6 nie nalaat nie: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is."

Ds. A. Grove.